Vergifnis

Lukas23:33 – 43 **Lees!!!**

Matteus 6: 14 & 15 **Lees!!!**

Deur te vergewe kan ons onder **die oop hemel leef**, of ons kan die **hemel bokant ons toesluit** omdat ons met **wraak** en **bitterheid** in ons harte loop.

Om vandag te lewe is '**n risiko**. Ons lewe in 'n **gebroke** wêreld. Ons lewe in 'n **deurmekaar** wêreld.

Ons **kan nie verstaan** waarom al die dinge ander mense of onsself tref nie.

Dit is 'n feit dat **slegte dinge** tref **goeie mense**.
Mense pleeg **selfmoord**.
Kanker en **hartaanvalle** is aan die orde van die dag. …. En in baie gevalle tref dit **redelikke jong mense** en selfs **kinders**.

Ons kyk na al die **geweld** – Die **onreg** – En die **armmoede**. En ons sug: "**Ag Here** …. **Hoekom**?

Hoekom gebeur al hierdie dinge. Hoekom tref al hierdie dinge die **mense** of **myself** of my **eie familie**?

Die punt is: Ons lewe in **'n gebroke wêreld** - en vir so baie van die **ellende** wat ons beleef en wat ons sien en waarvan ons hoor het ons **nie antwoorde nie** en sal ons ook **nooit antwoorde** hê nie.

1. Sommige van hierdie ellende bring ons **oor onsself** - soos wanneer ek siek word vanweë **swak lewensgewoontes**…. Of **verkeerde gewoontes**.

2. Ander slegte dinge wat met ons gebeur, is **direkte aanvalle** van die **Satan** - wat ons moet weerstaan.

Ons moet net besef die duiwel sal nie **jou toestemming vra** om jou aan te val nie.

Wie het al '**n oproep** van die duiwel gekry -- of dalk '**n brief** in die pos waarin hy u vra of **die tyd geleë is** vir 'n aanval?

Kan ek jou maar **aanval**? Is jy **reg** daarvoor? Het jy nou **tyd** vir probleme?

Nee, ongeluk val hy ons aan wanneer ons **nie reg is daarvoor nie**. Wanneer ons nie die **tyd** het daarvoor nie en ook wanneer ons nie die **finansies** het daarvoor nie.

Hy val ons ook aan wanneer ons op ons **swakste** is en nie die **krag** het daarvoor nie.

Wie van ons hier -- **sien nou kans** vir 'n aanval? Wie is **gereed** vir 'n aanval? Wie **sien uit** na 'n aanval?

Wie **wil graag** deur die duiwel aangeval word?

Seker nie een van ons nie.

Indien u nie **self kans sien** vir 'n aanval nie, moet dan ook nie **iemand anders aanval** nie.

3. Probleme kan ook ons pad langs kom, omdat **God ons wil beproef**.

En God doen dit om ons **nader aan Hom te bring**. … Om ons **geloof te versterk**… En sodat ons **Sy liefde kan leer ken**.

JaK. 1:2 Ag dit **louter vreugde**, my broeders, wanneer julle in allerhande **versoekinge** val,
:3 omdat julle weet dat die **beproewing** van julle geloof **lydsaamheid** bewerk.
:4 Maar die lydsaamheid moet tot **volle verwerkliking** kom, sodat julle **volmaak** en **sonder gebrek** kan wees en in **niks kortkom** nie.

Wat bewerk beproewing?

Volmaaktheid -- **Geen gebrek** -- en --'**n oorvloediger lewe**. Hy sê jy sal aan **niks kortkom** nie.

So – Ons kan onheil oor **onsself** bring. Die **duiwel** kan onheil oor ons bring. En **God kan ons beproef** deur probleme ons pad langs te bring.

In die meeste gevalle is dit dit **moeilik om te onderskei** vanwaar die probleme kom. Gewoonlik kry die **duiwel** maar altyd die skuld vir al ons probleme.

Dikwels staan ons **verstom**, **verbysterd** en **magteloos** en toekyk hoedat die **een ramp op die ander** iemand tref. Hoedat **dieselfde gesin** die slagoffer word van **swaarkry** in die een vorm na die ander.

Hoedat **ouers** en **kinders** en **kleinkinders** --- **geslag na geslag**, geteister word deur **dieselfde verskynsel** - sodat dit as't ware 'n **vaste patroon** aanneem in 'n familie, soos byvoorbeeld **armoede**, **alkolisme**, **egskeiding**, **siektes** of **vroeë sterftes**.

Geliefdes, broers en susters, hier in **Matt. 6** gee die Here vir ons so ‘n **bietjie lig** op die onderwerp.

In die Onse Vader het die Here Jesus sy volgelinge geleer om te bid:

Matt 6:12 " en vergeef ons **ons skulde**, soos ons ook **ons skuldenaars** vergewe; "

En Hy motiveer hulle en **vers 14 en 15**:

"As julle ander mense **hulle oortredings vergewe**, sal julle hemelse Vader **julle ook vergewe**. Maar as julle ander mense **nie vergewe nie**, sal julle Vader julle **ook nie julle oortredinge** vergewe nie.

Die Here leer ons hier ‘n baie goeie les.

Ons moet die rol wat **vergiffenis** in ons lewe speel, **nooit onderskat** nie.

By God draai alles rondom vergiffenis.

Dit is **ter wille van vergiffenis** wat Jesus sy lewe aan die kruis kom aflê het.

Die vergiffenis wat ek **ontvang,** en die vergiffenis wat ek **gee**, het die vermoë om die hemel bo my en bo my nageslag **oop te sluit** - of om dit te **verseël**.

Die vergiffenis wat ek **van God ontvang**, en die vergiffenis **wat ek gee** ….. of **wat ek terughou**, sluit die hemel **bo my oop**, of dit sluit **dit toe**.

Die feit dat ons van al ons **skuld vrygespreek is** op Golgota, is die **sleutel** wat die hemel bokant my en u **oopsluit**.

En hier in **Matt. 6** Sit die Here die **sleutel in ons hande** en Hy sê vir my en u: **Gaan doen julle dieselfde**!

Jesus sê:

Ek het vir julle die **voorbeeld** gestel.

En Ek het **my Gees** aan julle gegee, sodat julle dit nie in **eie krag** hoef te doen nie.

Indien jy en jou nageslag onder 'n **oop hemel wil lewe**, moet jy - **net soos Ek** – **vergewe** --- **Onvoorwaardelik**!

Vir die wat nie **in Christus lewe** nie, is hierdie dinge **dwaasheid**.

1Kor. 1:18 "Want die woord van die kruis is wel **dwaasheid** vir die wat **verlore** gaan, maar vir ons wat **gered** word, is dit die **krag van God;"**

Die maatstaf wat in die wêreld geld, is **oorlewing**. Dis net die **sterkes**, die **slimmes**, die **geleerdes**, die **rykes** wat dit maak.

En in die tweede plek gaan dit in die wêreld om **vergelding**: Onreg moet **gewreek** word. Skuld **moet betaal** word. Verkeerde gedrag moet **gestraf** word.

Die maatstaf van die wêreld berus op **menslike logika** en op **reëls**:

Hy het my **veronreg** - ek sal hom **terugkry**.

Sy het my **beledig** - ek sal haar **ignoreer**.

Ek sal nie **eerste toenadering** soek nie.

Ek sal **my nie verneder** deur die minste te wees nie.

Dit is die **taal** en die **houding** van menslike **selfbeskerming** en van **gesonde logika** en **verstand**.

Dit is hoe die **wêreld funksioneer**.

Maar die maatstaf wat in die **koninkryk van God** geld, is totaal anders.

Dit gaan oor **vergiffenis**.

En die grondslag daarvoor is vasgelê op Golgota:

"Vader, **vergeef hulle**, want hulle weet nie wat hulle doen nie!" **Lukas 23: 34**

Toe Petrus vir Jesus gevra het **hoeveel keer** ons moet vergewe wanneer iemand iets **verkeerds teen ons** gedoen het, was sy antwoord:

Nie sewe keer nie, maar **70 maal 7** keer! Dit beteken: **Deurlopend** … **altyd** … **gedurig** …. **elke keer**! (**Matt.18:21**)

En indien ons dalk dink daar is sekere dinge wat net **te groot en te erg** is om te vergewe, dan moet ons onthou wat Jesus vir die vrou gesê het wat op 'n daad van **owerspel betrap** was:

Joh 8:11 "…. En Jesus sê vir haar: **Ek veroordeel jou ook nie**. Gaan heen en sondig nie meer nie."

En vir die een **misdadiger** wat saam met Hom gekruisig is, het Jesus gesê:

"Ek verseker jou: Vandag sal jy **saam met My in die paradys wees**." **(Luk. 23: 43)**

U sien, **vergiffenis ken geen grense nie** –

Ons mag nooit sê: "Soveel keer is **nou genoeg** of dit is nou **te erg** nie."

"**Genoeg is nou genoeg** …. **Nou sal jy vir my kry**!!!"

"**Nou sal jy weet met wie jy te doene het**!!"

"Nou het ek **klaar gespeel**." "Jy sal my **leer ken**" "Jy sal nog **spyt wees jy is ooit gebore**."

Ken ons dit?

Ons trek die **genade van God** bokant ons toe soos 'n **ritssluiter**. En dan sê ons: "God het my **nie meer lief nie**." "Die Here wil my **nie antwoord nie**."

Pastoor jy moet **dringend by my uitkom**, want die Here wil my **nie help nie**. Dan kom ek daar by hulle, dan sê die die Here vir my: "Vra net vir Hulle **vir wie is hulle kwaad**!!!"

En die oomblik wanneer hulle **vergewe** is al die **probleme opgelos** en die **hemele skuif weer oop** en **God se seën** val op hulle.

Seker in **90% gevalle** is daar krisisse as gevolg van **bitterheid** en **onvergewensgesindheid**.

Het u dalk vandag '**n krisis**? Kyk heel eerste wie daar is wat u moet **vergewe**.

Dalk is dit iemand of iets wat vir u heel **onbenullig** lyk. Maar ek wil u verseker, **elke saak** is van die **uiterste belang**.

Maak bietjie **huis skoon**… maak u **hart skoon** en **vergewe almal** – **Klein** en **groot**… **belangrik** of **onbenullig.**

Maak u hart **voor God skoon**, sodat Hy die **hemele vir u kan oopmaak**.

Rom 12:19 "Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here."